

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Wiid en Anders v Wiid and Anders (1571/2006) [2012] ZANCHC 9 (30 April 2012) [2012] ZANCHC 9

COURT

Northern Cape High Court, Kimberley

BEFORE

Lacock, R

CASE / FILE NUMBER

1571/2006

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Hooggeregshof, Kimberley)

Saaknommer: 1571 / 2006

Datums aangehoor : 28/03/2012

Datum gelewer : 30/04/2012

In die saak tussen:

HERMANUS HENDRIK WIIDEerste Eiser

JOHANNA SOPHIA FISCHERTweede Eiseres

SUSANNA ELIZABETH RABIEDerde Eiseres

en

ELIZABETH HENDRIKA WIIDEerste Verweerderes

WILHELMINA BARENDINA VAN

LOGGENBERGTweede Verweerderes

JACOBUS PHILIPUS WIIDDerde Verweerder

EBEN JEAN DU TOITVierde Verweerder

ELIZABETH HENDRIKA FERREIRAVyfde Verweerderes

ANNA SOPHIA DE WETSesde Verweerderes

DIE MEESTER VAN DIE

HOOGGEREGSHOFSewende Verweerder

DAWID SMITH PRINSLOOAgste Respondent

Coram: Lacock, R

UITSPRAAK OP VERLOF TOT APPÈL

Lacock, R

- [1] Op 13 Januarie 2012 het ek uitspraak in hierdie geding ten gunste van die eisers gelewer. Die eerste tot vierde verweerders doen nou aansoek vir verlof om teen my uitspraak appèl aan te teken.
- [2] Die wese van die voorgenome appèl is gemik teen daardie gedeelte van die bevel waarkragtens hierdie verweerders gelas is om skadevergoeding aan die Elwida Trust te betaal (paragraaf 2 van die bevel). Adv. Coetzee voer aan dat ek paragraaf 5 van die trustakte verkeerd vertolk het, en kan 'n Hof van Appèl bevind dat die trustees van die Trust inderdaad daarkragtens bevoeg was om die plase en die vee teen nie-markverwante pryse aan die derde verweerder te verhuur. Sou sodanige bevinding gemaak word, so argumenteer mnr Coetzee, sal dit volg dat die gemelde verweerders nie aanspreeklik is vir betaling van skadevergoeding aan die Trust nie.
- [3] Mnr. Coetzee het niks bygevoeg tot sy argumente in die verhoor geopper nie. Na my mening is daar geen redelike vooruitsigte dat 'n Hof van Appèl tot 'n ander gevolgtrekking kan kom as waartoe ek gekom het nie.
- [4] Selfs al sou ek verkeerd wees in my vertolking van paragraaf 5 van die trustakte, was die verweerders steeds, qua trustees, regtens verplig om behoorlik en verantwoordbaar die sake van die Trust in belang van die trustbegunstigdes te bestuur. Dit het hulle, op hul eie getuienis, nalatiglik versuim om te doen. Trouens, soos bevind, en soos toegegee deur mnr. Coetzee, het hulle eenvoudig geen onafhanklike diskresie uitgeoefen tydens die besluitnemingsproses met die sluit van die huurkontrakte nie, en het hulself laat intimideer deur die oorledene, en bloot sy wil klakkeloos gevolg.
- [5] Mnr. Coetzee het die gronde van appèl tot die voorgaande beperk, en vind ek dit nie nodig om met die ander gronde in die kennisgewing van appèl te handel nie.

BYBEVOLG WORD DIE AANSOEK VIR VERLOF TOT APPÈL VAN DIE HAND GEWYS MET KOSTE.

HJ LACOCK

REGTER

NOORD-KAAPSE AFDELING

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZANCHC/2012/9.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/wiid-en-anders-v-wiid-unknown-topic-anchc-2012>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria